

23 October 2015

Dear Students

### **Postponement of examinations**

The senior leadership of the University of the Free State (UFS) has decided, in line with other universities in the country, to postpone examinations one week. What has happened in the higher education system is very important and students needed to be allowed the space to participate in the national mobilisation for access to higher education.

Your exams and the tranquillity you need to study are no less important. This cannot be achieved when so many students on our campuses were participating in demonstrations.

Moving the exams with one week will afford all students the opportunity to prepare for the exams and to take the additional assessment opportunities missed during this week to make up predicate marks.

The main examination will now start on 2 November 2015 and the additional examination on 23 November 2015.

The exam timetable order remains exactly the same as scheduled and the changed examination timetables will be published on the UFS website ([www.ufs.ac.za](http://www.ufs.ac.za)) – Students: [Official Timetables](#).

### **CURRENT OFFICIAL EXAM DATES FOR THE END-OF-YEAR EXAMINATIONS ARE:**

Main examination: 26 October – 14 November 2015

Additional examination: 16 November – 5 December 2015

### **NEW OFFICIAL EXAM DATES FOR THE END-OF-YEAR EXAMINATIONS ARE:**

Main examination: 2 – 21 November 2015

Additional examination: 23 November – 12 December 2015

It is important to note that the following modules are excluded and will **NOT BE POSTPONED**:

1. The examination timetable for the ACE/NPDE/ACT modules on the South Campus remains as scheduled and is not postponed with one week.
2. The fourth- and fifth-year MBChB students' timetable remains as is, thus not postponed.
3. The MMed modules remain as is, thus not postponed.

4. Centre for Financial Planning Law modules are not on the official examination timetable and therefore the dates will not be postponed and will remain as is.
5. The MDiv and Honours modules in Theology remain unchanged, thus not postponed.
6. The MBA and PGDip modules in the Business School remain unchanged, thus not postponed.
7. The Quantity Surveying and Construction Management Open Learning modules remain unchanged, thus not postponed.

It is important to note that the following modules **WILL ALSO BE POSTPONED**:

1. The UPP and modules in extended programmes are postponed for a week.
2. The Varsity College modules are postponed for a week.
3. The E-Learning modules in the Faculty of Law are postponed for a week.

**Important:** If your modules do not appear on the official university timetable, please contact your department for specific arrangements.

The university is doing its utmost to address all students' concerns about the upcoming exams. Academic and administrative activities will resume as from **Monday 26 October 2015** and all of us will be available if you need help.

If you have any questions which have not been addressed below, please contact the Examination Division or your department.

Please note that the Frequently Asked Questions should be read in conjunction with the General Rules and the rules which govern all examinations.

### **FREQUENTLY ASKED QUESTIONS (FAQS)**

**1. Does this involve all three campuses?**

Yes, but please refer to the exclusions listed.

**2. Will there be classes next week, i.e. 26 to 30 October 2015?**

No.

**3. What about my assessments that were scheduled for this week?**

We kindly request that, if you had any test-writing sessions, practicals or orals scheduled, you should contact your department for further information.

**4. When will the announcement of module marks (predicates) by departments at the Bloemfontein and Qwaqwa Campuses be?**

Friday 30 October 2015.

**5. Where do I access the new exam timetable?**

The current/most recent main exam and additional exam timetable can be found on the UFS website and Blackboard.

**6. Will my personal timetable change?**

Yes, the order will remain the same, but will be advanced by one week. Please revisit and print your new timetable.

**7. Does the postponement of one week have an effect on the additional exam timetable?**

Yes, the additional examination is also postponed by one week and directly follows the main examination. Please note that all rules in this regard are still relevant.

**8. Will I be safe when writing exam?**

The university will ensure that safety measures are in place and will continue to make contingency plans as conditions change. At all times, student safety and freedom is our primary concern.

**9. Will my exam venue change?**

No, please refer to your timetable. Any changes to the available centres off campus will be detailed and communicated by the Examination Division and the relevant departments.

23 Oktober 2015

Beste Studente

### **Uitstel van eksamens**

Die senior leierskap van die Universiteit van die Vrystaat (UV) het, in ooreenstemming met ander universiteite in die land, besluit om die eksamen met een week uit te stel. Wat op die oomblik in die hoër onderwysstelsel aan die gebeur is, is baie belangrik en studente moes die ruimte gegun word om aan die nasionale mobilisasie vir toegang tot hoër onderwys deel te neem.

Jou eksamen en die rustigheid wat jy nodig het om in te studeer, is geensins minder belangrik nie. Dit kan nie bereik word met soveel studente op ons kampusse wat aan die betogings deelgeneem het nie.

Die uitstel van die eksamen met een week sal aan alle studente die geleentheid gee om vir die eksamen voor te berei, asook die bykomende assesseringsgeleenthede wat gedurende die week misgeloop is, te gebruik om predikaatpunte te bereik.

Die hoofeksamen sal nou op 2 November 2015 begin en die bykomende eksamen op 23 November 2015.

Die volgorde van die eksamenrooster bly presies dieselfde as geskeduleer en die gewysigde eksamenrooster sal op die UV se webwerf ([www.ufs.ac.za](http://www.ufs.ac.za)) – Studente: [Amptelike Roosters](#) gepubliseer word.

### **HUIDIGE AMPTELIKE EKSAMENDATUMS VIR DIE JAAREINDEKSAMEN IS:**

Hoofeksamen: 26 Oktober – 14 November 2015

Bykomende eksamen: 16 November – 5 Desember 2015

### **NUWE AMPTELIKE EKSAMENDATUMS VIR DIE JAAREINDEKSAMEN IS:**

Hoofeksamen: 2 – 21 November 2015

Bykomende eksamen: 23 November – 12 Desember 2015

Dit is belangrik om daarop ag te slaan dat die volgende modules uitgesluit is en **NIE UITGESTEL SAL WORD NIE**:

1. Die eksamenrooster vir GOS/NPDO/SE-modules op die Suid-kampus bly soos dit is en word nie met 'n week uitgestel nie.
2. Die vierde- en vyfdejaar-MBChB studente se rooster bly soos dit is en word dus nie uitgestel nie.
3. Die MMed-modules bly soos dit is en word dus nie uitgestel nie.
4. Die Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg verskyn nie op die amptelike eksamenrooster nie, dus sal die datums nie uitgestel word nie en bly soos dit is.

5. MDiv en Honneurs modules in Teologie bly onveranderd en word dus nie uitgestel nie.
6. Die MBA en PGDip in die Sakeskool bly onveranderd en word nie uitgestel nie.
7. Die Oopleer-modules in Bourekenkunde en Konstruksiebestuur bly onveranderd en word nie uitgestel nie.

Dit is belangrik om daarop ag te slaan dat die volgende modules ook UITGESTEL WORD:

1. Die UVP en modules in verlengde programme word met 'n week uitgestel.
2. Die Varsity-kollege se modules word met 'n week uitgestel.
3. Die Oopleer-modules in die Fakulteit Regsgeleerdheid word met 'n week uitgestel.

**Belangrik:** As jou modules nie op die amptelike universiteitsrooster verskyn nie, kontak gerus jou departement vir spesifieke reëlings.

Die universiteit doen alles in sy vermoë om alle studente se besorgdhede oor die komende eksamen te hanteer. Akademiese en administratiewe bedrywighede sal op **Maandag 26 Oktober 2015** hervat word en ons sal almal beskikbaar wees indien jy hulp benodig.

Indien jy enige vrae het wat nie hieronder beantwoord word nie, kontak gerus die Eksamenafdeling of jou departement.

Slaan asseblief ag daarop dat die Algemene Vrae saamgelees moet word met die Algemene Reëls en die reëls wat alle eksamens beheer.

## **ALGEMENE VRAE**

### **1. Geld hierdie reëlings vir al drie kampusse?**

Ja, maar raadpleeg asseblief die uitsluitings wat aangedui word.

### **2. Sal daar volgende week, d.w.s. 26 tot 30 Oktober 2015, klasse wees?**

Nee.

### **3. Wat van my assesserings wat vir hierdie week geskeduleer is?**

Ons versoek vriendelik dat jy jou departement sal kontak vir verdere inligting indien daar enige toets-, praktiese of mondelinge sessies geskeduleer was.

### **4. Wanneer sal die Bloemfontein- en Qwaqwa-kampus se aankondiging van modulepunte (predikate) deur departemente plaasvind?**

Vrydag 30 Oktober 2015.

**5. Waar kan ek die nuwe eksamenrooster kry?**

Die huidige/mees onlangse hoofeksamenrooster kan op die UV se webwerf en Blackboard gevind word.

**6. Sal my persoonlike rooster verander?**

Ja, die volgorde sal dieselfde bly, maar sal met een week aangeskuif word. Gaan kyk gerus weer en druk jou nuwe rooster.

**7. Het die uitstel van een week 'n uitwerking op die bykomende eksamenrooster?**

Ja, die bykomende eksamenrooster word ook met 'n week uitgestel en volg direk op die hoofeksamen. Slaan asseblief ag daarop dat alle reëls in hierdie verband steeds van toepassing is.

**8. Sal ek veilig wees wanneer ek eksamen skryf?**

Die universiteit sal verseker dat daar veiligheidsmaatreëls getref word en sal voortgaan om gebeurlikheidsplanne in werking te stel indien omstandighede verander. Die veiligheid en vryheid van studente is te alle tye ons belangrikste besorgdheid.

**9. Sal my eksamenlokaal verander?**

Nee, raadpleeg gerus jou rooster. Besonderhede oor enige veranderinge met betrekking tot die beskikbare afkampus-sentrums sal deur die Eksamenafdeling en die betrokke departemente bekendgemaak word.